

# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 17/2023
29 November 2023

☎ 012 661 2341
college@midstreamcollege.co.za

## SKOOLSAKE

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR

*Nog 'n somerson Kersfees*
*Want die Koningskind verjaar*
*Ek skryf vir jou uit die noorde*
*Ek sal die posduif vra*

*Sal hy gaan draai in die suide*
*By die berg en die see?*
*En daar waar my liefde kaalvoet loop*
*Die nota vir jou gee*

*'n Sonneblom Uit Betlehem: Lize Beekman*

Die Ooskerk oorkant Loftus het verlede Sondag hul jaarlikse Kerssangdiens gehad en ons was bevoorreg om Lize Beekman as gaskunstenaar te hê. Sy het onder andere haar alombekende 'n Sonneblom Uit Betlehem gesing – vandaar dat ek 'n jaar later weer die Kersliedjie aanhaal. Die somerson was gereeld met ons gedurende hierdie eksamen. Mag julle almal Sy warm liefde hierdie Kersfees ervaar.

Terwyl die somerson water trek en die spreekwoordelike laaste strale van die skooljaar oor die westerkim kwyn, kan ons net met dankbaarheid terugkyk na 2023. Die College was weer eens op verskeie fronte geseën. Die revue, ensemble, redenaars, drama en Melodia het ongekende hoogtes en note bereik. Op sportgebied het ons aan die begin van die jaar die A-bondatletiek oorleef en tweede in die A-bondswem geëindig. Ons het verder ongeëwenaarde prestasies op die rugby- hokkie-, krieket- en sagtebalvelde, asook die bergfiets-, netbal- en muurbalbane bereik. Die eerste rugbyspan wat weer Noordvaal wen, die o. 15-krieketspan wat die jaar onoorwonne afsluit, en die meisiemuurbalspan wat as SA kampioen gekroon is, verdien spesiale vermelding.

Die matrieks van 2023 het verlede Donderdag hul laaste vraestel geskryf en is reg om die wêreld vierkantig in die oë te kyk. Carpe Diem – gryp steeds elke geleentheid aan wat oor julle pad kom. Dankie vir julle leeu-aandeel in die suksesse en gees van die jaar. Aan die gr. 8's tot 11's; sterkte met die laaste vraestelle en rus heerlik. 2024 lê en loer met sy unieke geleenthede.

Dankie aan elkeen van die direkteure en dat julle steeds deel van die College-reis is en vele klippe uit ons pad rol. Dankie aan elke ouer vir julle volgehoue ondersteuning. ‘n Spesiale saluut aan elke onderwyser wat van Midstream College ‘n unieke skool maak.

*Ek bring vir jou 'n sonneblom uit Betlehem*
*En gee dit water op Bloemfontein*
*Uit Hanover bring ek kappertjiesaad*
*Uit die tuin van nommer 3 Darlingstraat*
*En Hanepoot druiwe uit die Paarlvallei*

*‘n Sonneblom Uit Betlehem: Lize Beekman*

My wens vir een en elkeen van julle gedurende hierdie vakansie is dat jy hetsy ons wonderlike land kan deurkruis of iemand vir jou ‘n sonneblom, druif of skulp sal terugbring. Mag ons almal iewers rustig raak, kwaliteittyd saam met ons geliefdes spandeer en ons batterye laai om die opwindende 2024 wat wag met beide hande aan te gryp.

SOLI DEO GLORIA

# AKADEMIE

## FINALE RAPPORTE

Dié rapporte sal op Woensdag 6 Desember op die Ouerportaal beskikbaar wees.

## 2024-ROOSTERS

Leerders moet hulle roosters op 16 Januarie tussen 12:00 en 13:00 in die vierkant kom afhaal.

## GRAAD 11-VAKVERANDERINGE VIR MATRIEK

Die finale inskrywing vir volgende jaar se matrieks moet reeds vanjaar teen 15 Desember afgehandel wees. Dit beteken dat geen vakveranderinge aan die begin van volgende jaar gemaak kan word nie. Alle veranderinge moet vanjaar teen 6 Desember, wanneer die skool sluit, afgehandel wees.

**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 25 Januarie 2024